# *Die Geïdentifiseerde Meesterstuk Van God*

Baie dankie, broer. Billy wil hê ek moet sê dat dit my eerste keer op die preekstoel is, in drie maande. En hy . . . Ek onthou die eerste keer toe ek hom opgekry het om te getuig, het hy gesê: "Die eerste ding, ek is bang." Ek is, ook. Ongeveer vyf-en-dertig jaar in die bediening en dit is die langste wat ek van die preekstoel af weggebly het sedert ek in die bediening was. Ek het 'n bietjie rus nodig gehad, dus was ek en Broer Mosley en sommige van die broers hier, op 'n jagtoggie. En ons is nou uitgerus. En dit is my eerste diens sedert ek . . . ongeveer die eerste van September. En dis iets. 'n Bediening is iets waarby jy soort van moet bly?

2 En nou het ek hulle gevra om daardie waaier af te skakel, of kyk of hulle dit kan afskakel, want ek weet dis moeilik om te hoor. En dis moeilik, weet ek, wanneer iemand hulle getuienis gee. Dit was moeilik vir my om hulle te hoor. Kan julle nou goed hoor? Goed. Ek weet om soort van naby aan hierdie mikrofoon te staan tot hulle dit reggemaak het.

3 Dit is beslis 'n—'n groot voorreg vir my, en ek—ek is beslis dankbaar teenoor die voorsitter, en teenoor die tak van Volle Evangelie Sakemanne hier in Yuma, en vir al die predikers. Hierdie goeie sangers hier, 'n paar oomblikke gelede hierbo was, ek sou hulle graag by die—by die diens hoor. Dit was regtig goed. Ek—ek het net gewonder toe hulle gesing het of Johannes my gesien het. En ek hoop hy het. En, so, ek hoor dat julle hier in 'n herlewing is. Die Here seën julle ryklik, broer en suster, waar julle bedien. En aan al my vriende in Phoenix en verskillende plekke, dis . . . en van daar oorkant in Kalifornië.

4 En ek wil net 'n woordjie sê oor die takke. Toe ek na die Pinksters gekom het, was ek . . . het 'n pinksterondervinding gehad, het nie geweet dat daar 'n Pinksterkerk was nie. Ek was toe 'n Sending Baptis. Ek het die doop van die Heilige Gees ontvang, en ek het uitgevind dat daar sommige mense was wat dieselfde ding geglo het wat ek ontvang het. En hulle het dit veertig jaar voor ek dit gekry het, geglo. So ek was net een, soos Paulus gesê het, dink ek, nie om te probeer om saam met hom te praat nie, maar soort van "een ontydig gebore." Maar die . . . My broers het blykbaar gedink ek het afgegaan, soort van die kluts kwytgeraak, soos ons dit noem. Maar ek—ek het gweet dat ek iets ontvang het. Dan, my ondervinding was net soos hulle dit daar gehad het. En dis hoe ek daarvan hou.

5 En, maar toe ek onder hulle gekom het, die—die hartverskeurende deel daarvan, het ek gevind dat hulle net omtrent so opgebreek was, in verskillende denominasies, soos my Baptiste kerk was. En hulle . . . Ek het gedink daar is net een wat Pinkster genoem word, en dit was dit. Maar, het agtergekom, daar was verskeie verskillende denominasies van hulle. So, nou, hulle was almal goed. Ek weet sommige van die gaafste manne wat ek ooit ontmoet het in my lewe, was in hierdie groepe. En hulle was—hulle was, natuurlik, verskillende denominasies. En my—my gedagte was dat ons een van hart moes wees, met Christus, en ek het nooit by enige sekere denominasie van hulle aangesluit nie. Ek het net tussen hulle gebly, en probeer om albei hande te hou, en alle hande, en te sê: "Ons is broers." Ons het nie . . . Ons mag klein dingetjies anders sien van een, van die ander. Maar, buiten dit alles, is ons steeds broers, want ons is van dieselfde Gees gebore. Ons is die familie van God.

6 Toe toe die Christen sakemanne, die Volle Evangelie Sakemanne, hierdie tak, was ek onder die eerste dienste met Broer Shakarian. Ek het hom geken voor daar die organisasie was, of die organisme opgerig is. Ek het gedink dit is 'n groot ding. En dit was 'n oop deur vir my, om internasionaal met hierdie Volle Evangelie Sakemanne te reis.

7 Waar, somtyds, dat jy 'n groep predikers kry, somtyds, kry hulle 'n klein gevoel teen 'n ander groep, omdat iemand iets gesê het. Dis nie oral nie, maar ons kry dit op plekke. En soos, as een kerk dit gaan borg, sal die ander een niks daarmee te doen hê nie.

8 Maar met die Volle Evangelie Sakemanne, was dit 'n oop deur vir my. Wanneer hulle inkom, dan kry ek al my broers bymekaar, en ons—ons kan assosieer; dalk mag daar 'n gevoel tussen twee pastore gewees het, of iets. Dit was 'n groot oop deur, en ek het nou vir jare vir hulle internasionaal gereis, in hulle takke gepraat.

9 En Yuma het nie 'n baie groot stad nie, alhoewel ek veronderstel dit baie groter is as die een waarvandaan ek kom, Jeffersonville, Indiana. Maar ek het julle voorsitter hier ontmoet. Die . . . hy was . . . en die verskillendes van julle tak. En ek dink julle het 'n wonderlike geleentheid hier.

10 Ek het net vanaand gedink, soos ek hier gesit en kyk het na die mense. Weet julle, ons gaan binnekort hierdie voorreg verbeur. Die Wêreldraad van Kerke sal ons binnekort insluk. Ek neem aan dat meeste van my gehoor vanaand saamgestel is van Pinksters, en Baptiste, en—en Kerk van God, en hulle wat buite daardie Wêreldraad van Kerke is. En—en hulle, dis net waarop hulle speel, en dis wat die Bybel gesê het hulle sal kom. En ons is daaroor gewaarsku, so laat ons daarvan wegbly. En so, soos dit vanaand van gepraat is, in die lied, oor die nabye Koms van die Here, mag dit nader wees as wat ons dink dit is.

11 En ek dink dis wanneer ons kan bymekaarkom met hierdie tipe van gemeenskap, dit iets vir ons doen wat ons nadertrek aan mekaar. En soos ons nader aan mekaar kom, kom ons ook nader aan God, want Jesus het gesê: "In soverre as wat julle dit gedoen het aan hierdie geringstes van My, het julle dit aan My gedoen."

12 Ek het 'n klein seuntjie hierbinne iewers, dink ek, Joseph. Ek het Billy wat hier sit. Twee dogters wat daaragter sit, en 'n vrou. Nou as iemand iets gehad het wat was . . . jy regtig goed wou doen, sou ek veel eerder wou gehad het dat jy dit vir my kinders doen as om dit vir my te doen. En dus voel ek dalk, as 'n ouer . . . En Hy is die bron van ouerskap. Ek dink dat dit is hoe God voel. As ons sou . . . Ons dien Hom soos ons mekaar dien. Dis hoe ons God dien.

13 En in die wete dat dit die waarheid is, dan dink ek dat elke keer wanneer hierdie tak bymekaarkom, siende dat dit inter—evangelisties staan. Daar is regtig geen sekere doktrine waarvoor die Volle Evangelie Sakemanne staan nie. Hulle staan net vir die volle Evangelie. En as 'n man verskil, is dit heeltemal in orde. Dis in orde. Ons het in elk geval gemeenskap. So ek dink dat dit sal wees 'n . . . As ek hier in hierdie stad gewoon het, glo ek, as daardie tak bymekaargekom het, as daar ooit enige moontlike manier was, sou ek daar wees en almal daar hê wat ek daar kon kry. Dis reg, want dis 'n—dis 'n ding wat ons saam versterk.

14 Ek bly in Tucson, en ek praat voortdurend in daardie tak, die heeltyd. En in Phoenix, sedert ek na Arizona toe getrek het, is ek in Phoenix elke keer wat ek 'n kans kry om weg te kom en by—by Phoenix te kom. Omdat, en probeer om iemand saam met my te bring, iemand uit te nooi, ander predikers te kry.

En sê: "Wel, wel, jy sien, Broer Branham, ons doen dit nie."

15 Ek sê: "Maak nie saak wat jy . . . Laat ons net saam met my gaan. Gaan as 'n—'n vriend, saam met my."

16 En kry hulle net daar vir 'n klein bietjie. Dis al wat jy hoef te doen. En hulle vind uit, elke man se hart is honger vir gemeenskap. En ons behoort so te maak. Dis 'n groot endtydteken. God seën hierdie tak. Mag dit—mag dit bestaan tot die Here Jesus kom om ons bo in Heerlikheid te ontvang, is my gebed.

17 Nou, ek onthou my eerste reis deur Yuma. Ek was in 'n Model—T Ford wat dertig myl per uur kon doen. Ek het gedink soos ek vandag nadergery het. Nog steeds getrou aan die Ford; ek het nog steeds een, en het niks anders as dit gehad nie. Maar ek . . . Nou, ek verkoop nie Fords nie. Nou, dit is nie om dit te bevorder nie. Sien? Maar ek onthou hoe daardie Ford . . . Baie van julle broers van my ouderdom onthou die ou Model T. Dit was in 1927. Jy moes sommer goed kyk of jy sou Yuma nie vind wanneer jy deurry nie. Dit was baie klein en julle het beslis gegroei. Maar, die manier hoe ek dertig myl per uur uit my Ford

gekry het; dit het vyftien myl per uur *hierdie* kant toe gegaan, vyftien *hierdie* kant toe. So, sit dit bymekaar, het dertig myl per uur gehad, met al my stampe ensovoorts. Yuma het gegroei.

18 Hierdie glorieryke Kerk, waarvoor ons—ons stry vir hierdie wonderlike Geloof.

19 Dankie, broer, wie dit ook al gedoen het. [Iemand het iets aan Broer Branham gegee—Red.]

20 Dit het ook gegroei, en ons is dankbaar daarvoor. Die Here seën julle almal.

21 Ons hoop, as julle hierrond is, naby, enige van hierdie dienste. . . Ek het die—die tak by Phoenix, om te praat, volgende Sondag. En die volgende Sondag by Flagstaff. En die volgende Maandag, die een-en-twintigste, is 'n feesmaal by Tucson. Almal van julle is uitgenooi.

22 En, as die Here wil, wil ek by die Westward Ho Hotel danssaal praat, dink ek. Watter aand begin dit? [Iemand sê: "Dis Sondagmiddag, die sewentiende."—Red.] Sondagmiddag, die sewentiende, net 'n evangelistiese diensie. Hoop hierdie sangers is hierrond, na aan daardie tyd, om ons te help. En ons gaan dan daar wees tot Woensdag toe. Ek dink dis Sondagmiddag. En ons doen dit, want ons wil nie steur met enige van die programme van die kerke nie. Dan, Maandag en Dinsdag, en dan Woensdag is ons by die Ra-. . . by die Wes-. . . die Ramada Inn, Ramada Inn. En dan Donderdag begin ons by die Westward Ho. Is dit?

23 ['n Broer sê: "Westward Ho, Sondag, Maandag, Dinsdag. Dan gaan ons na die Ramada Inn, Woensdag, en ons bly daar tot die konvensie."—Red.] Konvensie verby is, by die Ramada Inn. So ons sal bly wees om julle te eniger tyd te hê.

24 Nou, voor ons tot hierdie Boek keer, laat ons ons hoof net 'n oomblik buig en met die Skrywer praat.

25 Nou, met ons hoofde na die stof gebuig vanwaar God ons geneem het, en, as Jesus vertoef, ons eendag daarheen moet terugkeer. Net sedert ek hier is, het ek 'n boodskap van die ooste gekry, dat 'n dametjie wat ek geken het. . . Sy is die meisietjie genaamd Edith Wright. Het heengegaan om God te ontmoet, vanmiddag, teen drie—uur. Ons moet teruggaan. As daar enige hier is wat in die gebed onthou wil word, sal jy net jou hand na God toe opsteek. God seën julle.

26 Hemelse Vader, soos ons hierdie wonderlike gemeenskap, sang so geniet het, o, hoe het dit my hart ontroer toe ek daardie lied: *Het Johannes My Gesien?* gehoor het. Vader, ek vertrou dat ons almal daar sal wees, elkeen van ons. En ons het nou na die stof gebuig, en ons—ons bid dat U ons—ons danksegging en ons berou ontvang, en ons gebed vir mekaar.

27 En nou keer ons tot U Woord, die heilige deel van die diens wat heiliger blyk as—as die res, want ons weet teen hierdie

tyd ons werk met mense, om hulle na 'n Waarheid te lei, na Christus en na die Woord, wat Christus is. En ons bid dat U die Woord vir ons sal oopmaak. Ons—ons is onvoldoende, Here, maar U is algenoegsaam. So ek bid dat U ons swak pogings sal seën, en mag ons vanaand onsself vind en ons posisie in die Woord van God. Skenk dit, Vader. En ons sal U die lof gee, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

28 Nou, dit is regtig goed om hier te wees. Ek het 'n paar notas hier wat ek gedink het ek na sal verwys, vir 'n paar minute, soos ek nie veronderstel dat ons toegelaat is om hierdie saal te lank saans te hou nie. En ek is soort van, ook, onder die Pinksters, is ek soort van stadig, julle weet.

29 Ek onthou, ek het julle dalk gesê. Toe ek eerste 'n Pinksterprediker gesien het, was dit Eerw. Robert Daugherty van St. Louis. Ek twyfel of enige van julle hom geken het. Julle het die getuienis van sy dogtertjie in die boek gesien. Hy was—hy was. . . Sy is genees van St. Vitus dans, en sy was opgegee. En dis hoe ek die eerste Pinksters ontmoet het.

30 En, dit, ek het gegaan om hom te hoor preek, en—en, goeiste, hy—hy kon preek. Hy sou. . . Hy sou selfs vir niks wag nie. En hy sou preek tot hy heeltemal sonder asem sou wees, en hy sou blou word in die gesig, en sy knieë sou onder hom invou, en hy sou amper op die grond val. En hy sou na sy asem snak, jy kon hom aan die einde van die stad daaronder omtrent hoor, terugkom en preek. Ek het gedink: "Goeiste, ek—ek kon net nie so vinnig daaraan dink nie."

31 Ek moet net my tyd soort van neem. Ek is soort van stadig, en word oud ook, julle weet, sukkel aan, so ek hoop julle sal 'n paar minute geduldig wees met my.

32 Daar is een ding seker, wat ek weet nie sal faal nie, en dis Sy Woord. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar Sy Woord sal nooit faal nie." So laat ons nou, as julle julle Bybel het, en graag Daaruit lees, na die Boek van Jesaja blaai, die 53ste hoofstuk van Jesaja. Ek sou dit graag lees om net te bou, 'n teks te kry om 'n konteks op te bou, vir 'n rukkie.

> *Wie het geglo wat aan ons verkondig is?. . . aan wie is die arm van die* HERE *geopenbaar?*
>
> *Want Hy sal soos 'n tenger loot voor Hom opspruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid nie, en wanneer ons Hom sal sien, is daar geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie.*
>
> *Hy is verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte,. . . bekend met leed, en ons het ons gesigte van Hom weggedraai, Hy was verag, en ons het Hom nie gereken nie.*

*Nogtans het Hy ons lyding op Hom geneem, en ons smarte gedra, maar ons het Hom beskou as een wat gestraf word, geslaan en gepynig word deur God.*

*Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, Hy is terwille van ons ongeregtigheid verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, . . . deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

*Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die* HERE *. . . het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.*

*Hy is verdruk, en Hy was mishandel, tog het Hy Sy mond nie oopgemaak nie; Hy was soos 'n lam wat na die slagplek gelei word, en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders, . . . Hy het sy mond nie oopgemaak nie.*

*Hy is uit die gevangenis en uit die strafgerig weggeneem: en onder sy tydgenote, wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Terwille van . . . oortreding van my volk is Hy gestraf.*

*En Hy het sy graf by goddeloses gekry, en by die rykes by Sy dood, omdat Hy geen misdaad gepleeg het nie, en daar was geen bedrog in Sy mond nie.*

*Maar dit het die* HERE *behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom die pyn laat ly; wanneer U sy siel as skuldoffer maak, sal Hy sy saad sien, en sal Sy dae verleng, en die welbehae van die* HERE *sal deur Sy hand voorspoedig wees.*

*Hy sal—Hy sal die moeitevolle lyde van sy siel sien en voldaan wees, deur Sy kennis sal My regverdige dienskneg baie regverdig maak, want Hy sal hulle skuld dra.*

*Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en Hy sal met magtiges die buit verdeel; omdat Hy . . . Sy siel uitgestort het in die dood en Hy saam met die oortreders getel is, en Hy het die sondes van baie gedra en het vir die oortreders gebid.*

33 Ek wil dit graag sê, net vir 'n teksie. Ek wil graag 'n teks daaruit neem, as: *Die Geïdentifiseerde Meesterstuk Van God.*

34 Nou, dit sou nogal 'n—'n—'n teks wees om te lees, om 'n meesterstuk uit te kies. Maar wanneer ons daarna kyk, soos ons sou dink, sou dit alles behalwe 'n meesterstuk wees, want dit het gesê: "Ons het ons gesigte van Hom weggedraai, en daar was geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie." En baiekeer, wat ons 'n meesterstuk sou noem, terwyl God niks daarmee te doen sou wou hê nie. Want, die wysheid van die mens is dwaasheid by God, maar die dwaasheid van God is meer wys as al die wysheid van die mens.

35 En ons sien hierin dat God ons ’n prentjie van iets gee. Ek sou graag probeer om hierdie prentjie voor ons te bring, omdat ek besef dat dit die laaste keer mag wees dat sommige van ons ooit sal kan bymekaarkom. Ons mag mekaar nooit weer sien soos ons nou is nie. Daarom, as ons saamgekom het om hierdie rede, om nie gesien of gehoor te word nie . . .

36 Maar ons het ons gemeenskap met mekaar gehad soos ons hierdie wonderlike maaltyd vanaand opgedien het, oor die tafel, soos ons ons fisiese liggame gevoed het, en nou sou ons daarvan hou dat God ons siel sal voed met Sy Manna wat weggesteek is. Alleen vir daardie priesters wat die Allerheiligste binnegegaan het, is dit toegelaat om van Sy Voedsel te eet.

37 En as ons vanaand opgelet het, ons—ons biefstuk. Ek glo nie ek het al ooit ’n—’n feesmaal tot dusver gehad, in al die plekke waar ek die dienste gehou het, soos vanaand, dat ek so ’n lekker biefstuk gehad het soos hulle vanaand opgedien het nie. Nou, sien julle, omdat ons dit moes hê, as ons lewe, moes iets sterf sodat ons hierdie tyd van gemeenskap kon geniet, en ook ons lewens onderhou.

38 Ek het met ’n man gepraat wat ’n vegetariër is, nie lank gelede nie, en hy het vir my gesê: “Wel, ek—ek stem nie saam met jou nie.” Wel, hy—hy het my soort van ’n brief gegee, wou my privaat ontmoet. En hy het gesê: “Broer Branham, ek het jou altyd as ’n heilige man aangesien.” Hy het gesê: “Maar toe ek gehoor het jy sê jy het ham en eiers vir ontbyt gehad,” het gesê: “het dit my afgesit.”

39 Wel, dit, ek sou nie die struikelblok in sy pad sit nie. Nou, dis sy manier van glo. Maar ek het gesê: “Wel, meneer, as ek nie eet nie, lewe ek nie.”

40 Hy het gesê: “Maar, jy sien, jy moes ’n vark eet, en—en ’n hoender doodmaak.”

41 Ek het gesê: “Meneer, ons lewe net deur dooie stof. Ek gee nie om wat jy eet nie. Jy eet groente. Jy eet. Jy eet brood, die koring het gesterf. As jy mielies eet, het die mielies gesterf. As jy boontjies eet, het die boontjie gesterf.”

42 Wat jy ook al eet, jy kan net fisies lewe omdat iets gesterf het dat jy kan lewe. Nou, wat jy ook al doen, selfs melk drink, die bakterieë, wat ook al, jy moet deur dooie stof lewe. En dit bewys maar net, as ons hierdie natuurlike lewe moet lei en dit net deur dooie stof kan doen, moes iets sterf sodat ons Ewiglik kan lewe. Dis Jesus Christus, wat God ons as ’n losprys gegee het.

43 En nou, toe ek die eerste keer die Pinksters ontmoet het; ek—ek het na Kalifornië gegaan, net die aangrensende stad hier, oor die rivier. En ek was by Los Angeles. Ek het nooit in die dae van hierdie beroemde damesprediker Mev. Semple . . .

Aimee Semple McPherson gelewe nie. Ek het haar seun, Rolf, ontmoet, 'n goeie Christen heer, en—en sy vrou en sy gesin. Hulle is regtig lieflike mense, en Dr. Teeford en baie van die personeel by die Angelus Tempel. En ek het die Jubileum van die Pinkster, vyftig jaar Jubileum daar gepreek, 'n paar jaar gelede, en het beslis 'n wonderlike tyd deurgebring.

44 So ten aansien van hierdie vrou wat 'n voorbeeld gestel het soos sy het, deur haar bes te doen, en om—om voor te stel wat in haar hart was, het ek 'n huldeblyk aan haar betoon deur na haar graf daar by Forest Lawn te gaan. En terwyl ek daar met my hoed af gestaan het en—en my hoof gebuig het en dank aan God gebring het vir 'n edel lewe van hierdie klein diensmeisietjie, is ek toe deur die bemanning by wie ek was, 'n groep predikers, gevra of ek 'n stappie deur die. . . vir deur die hele Forest Lawn sou neem. En aan die binnekant van die lykshuis daar, of wat jy dit ook al noem, het ek na die verskillende ontwerpe gekyk, en het die Here se Avondmaal gesien, en gebly. Baie van julle het dit raakgesien, toe hulle die ligte daarop gegooi het, die Laaste Avondmaal, en die verhaal daarvan gehoor het.

45 Maar een van die mees opvallende dinge wat ek daar gesien het, was, soos jy by die deur ingaan, ek glo dit sou aan die oostekant wees. Daar was 'n—'n standbeeld van Moses wat daar sit, dit was die toppunt van Michelangelo se werk, glo ek was dit, die beeldhouer. Dit, ek mag verkeerd met die man. Ek glo dis reg. Michelangelo, wat—wat. . . die groot beeldhouer wat dit uitgevorm het, of 'n beeld van Moses. En soos hy dit verduidelik het, die—die gids wat ons deurgeneem het, hy het gesê dat dit een van die grootste meesterstukke was wat Michelangelo ooit gevorm het. En het gesê dit het baie van sy lewe geneem, harde werk.

46 Toe het ek opgelet, ek glo dit was op die regterknie. Die standbeeld het volmaak gelyk, glad, en Moses met die tafel van die wette in sy hand, en sy lang baard. En dit was, natuurlik, die verstandelike denkbeeld van Michelangelo, hoe Moses moes lyk. Het dalk nooit 'n prentjie gesien nie, maar, in sy eie gedagte het hy uitgeteken soos hy gedink het Moses moes lyk.

47 En die verhaal gaan, so gou soos hy die—die standbeeld voltooi het, en heel opgevryf en volmaak, het hy teruggestaan om sy werk te bekyk. En toe hy so geïnspireerd geraak het, tot dat dit soveel gelyk het. . . Wat hy in sy gedagte gehad het, e hy met sy hand gemaak het. Dit het soveel daarna gelyk, en al die jare het hy daarvoor gewag, dat hy so weggevoer was deur inspirasie, dat hy dit op die knie geslaan het en uitgeroep het: "Praat!" En daar is 'n stukkende plek op die—die—die been, knie van Moses, waar Michelangelo met sy hammer geslaan het, want hy was so geïnspireerd.

48 Sien, daar was iets aan sy binnekant, aan die begin, dat hy ’n verstandelike prentjie gevorm het van hoe hy gedink het Moses behoort te lyk. En toe hy dit voor hom sien reflekteer word, die einste ding wat hy in sy gedagte gehad het, hoe hy gedink het Moses moes lyk, en daardie visioen al daardie jare en jare saam met hom gedra het, soos hy die groot stuk graniet geneem het, en ’n stuk hier en ’n stuk daar afkap, en dit afmerk, want dit moes volmaak kom. En toe dit voor hom vervolmaak is, het hy—hy die refleksie gesien van wat in sy gedagte was. Dit is wat hom so geïnspireer het om die beeld te slaan, en uit te roep: “Praat!” Al sy jare van swoeg is beloon. Sy groot handewerk was voltooi.

49 Nou sien ons dit, en ek—ek was geïnspireer daardeur, want ek het gedink dat, eintlik, die merk op die been, wat dit die meesterstuk vir my gemaak het. Omdat net, as dit net ’n ander portret of iets van Moses was, een of ander soort figuur wat ’n man ’n voorstelling van gehad het. Maar, die man wat die werk gedoen het, dit het hom so tevrede gestel dat hy dit geslaan het. En die merk daarop het dit vir my die meesterstuk gemaak, want dit het volmaak gereflekteer wat in sy gedagte was hoe Moses moes lyk.

50 O, ek het daar gestaan. Ek moes vir ’n paar minute wegstap om te dink aan—aan wat dit vir hom moes beteken het, en—en wat dit vir my op daardie tydstip beteken het. Toe het dit in my gedagte opgekom, van dit waaroor ek met julle wil praat.

51 Laat ons nou ons gedagtes van Michelangelo wegneem na die groot Beeldhouer, God Almagtig, Wie, in die begin voor daar ’n dag of dagbreek was, voor daar ’n atoom of ’n molekule was. God, het in Sy gedagte, die mens gehad, hoe ’n mens moes lyk, wat hy moes wees, en hoe hy moes optree. En Hy wou daardie mens deel van Hom hê: “So het Hy die mens na Sy eie beeld geskape, en in die gelykenis van God het Hy die mens geskape,” o, toe God in die begin hierdie meesterstuk gemaak het, iets wat Sy gedagtes gereflekteer het.

52 Onthou, daar is net een vorm van Ewige Lewe, en ons . . . selfs ons name en ons gedagtes was by God voor daar ’n grondlegging van die wêreld was. Want nou besit ons Ewige Lewe. En om dit te wees, moet ons ’n deel van God wees. So ons sou soveel as in Sy gedagtes moes wees, want ons het Ewige Lewe, en is tot hierdie lewe voorbestem. “En ons name is geplaas op die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld,” volgens Openbaring. Nou, dat God ons in Sy denke gehad het, dan het ons Ewige Lewe, want Hy het ons gespreek, en ons het ontstaan. En ’n woord is net ’n gedagte gemanifesteer. God het ons in die begin in Sy gedagtes gehad.

53 Nou, en toe Hy Adam gemaak het, daardie eerste mens, hoe volmaak was dit. Hy het soos God gelyk. God, die groot Heilige Gees, het oor die aarde gebroei, en Hy . . . die voëls het uitgekom, dalk, en die diere, verskillende dinge, en het aanhoudend meer in die vorm van die Een gekom wat gebroei het. Tot, uiteindelik, daar 'n spesie voortgekom het presies net soos die Een wat die broeiwerk gedoen het, God. God was, of . . . Die mens is na die beeld van God gemaak, toe, toe Hy hom in hierdie groot tuin geplaas het. Soos Michelangelo wat sy groot lewenstaak geplaas het, en alle groot beeldhouers, het God Sy handewerk in die tuin van Eden geplaas, het hom 'n hulpmaat gemaak. Wat 'n—'n—'n volkome tevredenheid was dit vir God, totdat Hy selfs gerus het. Dit het net gerus. Sy werk was voltooi.

Dan kom die treurige verhaal van die vyand.

54 Let nou op. Hierdie een ding wil ek hê julle moet in gedagte hou dat God hierdie man 'n beskerming gegee het, Hy het hom gegee. Hy het hom binnekant Sy Woord verskans, want Hy het hulle gesê wat hulle kon doen, wat hulle nie kon doen nie.

55 En dis dieselfde basis waarop ons vandag geplaas is, wat ons kan doen, wat ons nie kan doen nie. Ongeag hoe goed ons is, hoeveel ons kerk toe gaan, of *dit* doen nie, ons moet wedergebore word. Sien? Dit moet wees.

56 En God het vir Adam gesê wat hy kon doen en wat hy nie kon doen nie. Hy het hom agter Sy Woord geplaas.

57 En toe kom die vyand in, deur bedrog, en het deur die mure van God se Woord gekruip, want die deur was oop vir hom, en hy het daardie beeld geskend, tot sonde. Dis een van die treurigste verhale.

58 Om te dink dat die mens wat na die beeld van sy Skepper gemaak is, en 'n muur gegee is om agter te staan, dat daardie Woord nooit kon faal nie. Dis—dis die Christen se hoop. Dis sy—sy skild. Dis sy wapenrusting. Dis sy rots vandag, is, om agter die Woord te bly, elke gelowige.

59 Nou, julle moet nooit Daaragter uitkom nie. Wanneer jy dit doen, jy, jy maak dan die deur oop vir die vyand, wanneer hulle sê: "O, wel, jy kan 'n bietjie *hiervan* doen, en 'n bietjie *daarvan*." God wil hê jy moet jouself afsonder van alles wat sonde genoem word. Geheel en al eenkant geplaas vir Hom, en vir Hom alleen.

60 Hy het 'n doel in jou lewe, elke indiwidu, dat niemand anders op die aarde jou plek kan neem nie. God het iets vir jou. Jy is so gemaak. Jy is so gemaak vir 'n doel. God is soewerein in Sy werk. Hy selfs . . . Dinge verskil. Ons verskil, van mekaar.

61 Ons let op in die dierelewe. Ons vind uit, in die dierelewe, is daar een dier, God het 'n pakdier gemaak, soos die perd,

en—en hy moet werk. En die koei is 'n offer. En, maar, die—die leeu en die tier swerf deur die bos sonder enige werk of iets. Hy het 'n yslike groot dier soos 'n olifant gemaak, toe 'n baie klein outjie soos 'n muis. Nou, wie is daar om vir God te sê wat om te doen en hoe om dit te doen? Hy doen dit op Sy eie manier.

62 En Hy maak die berge. Hy maak die woestyne. Hy maak die—die seë. Hy maak die vlaktes. Hy maak een soort boom, hardehout, palm, en—ensovoorts. Hy doen dit.

63 Hy maak mense verskillend. Hy gee ons, elkeen, 'n ander plek. En 'n palmboom kan nooit 'n okkerneutboom wees nie. 'n Okkerneutboom kan nooit 'n palm wees nie. Niemand kan jou plek neem nie, en jy behoort nie te probeer om enigiemand anders se plek te neem nie. Want jy is 'n indiwidu vir God, en God het 'n doel vir jou. Hy het jou so gemaak. Jy sê: "Waarom het Hy dit gedoen?" Hy is soewerein. Hy het 'n rede waarom dit so moet wees.

Maar ons vind uit dat ons almal deur die Woord bewaak word.

64 In die hemel kyk ons na die hemelliggame. Die Bybel sê dat selfs een ster van die ander verskil. Daar is Sirius en die verskillendes. En Mars en Jupiter, al daardie verskillendes, hulle verskil van mekaar. Die son verskil van die maan, en die maan van die sterre. En daar is Engele, soos, daar is Sérafs en Gérubs en Engele en groot Engele, in—in rangordes. En selfs in die nuwe wêreld wat kom, bring die konings van die aarde hulle eer in die stad in.

65 Ons sal altyd so wees. Want God is nie 'n Sears en Roebuck Harmoniehuis nie. Hy is 'n God van verskeidenheid. Hy maak een op hierdie manier en een op 'n ander. Maar ons moet Hom dien op die manier wat God ons gemaak het en bly wees en agter Sy Woord bly. En dis hoe God dit gedoen het.

66 Maar wanneer ons uitvind dat die vyand deur daardie Woord gekom het tot dit toe, die handewerk van God, het hy dit bederf. En dis presies wat hy nou doen. Hy glip deur daardie handewerk, die vyand probeer om vir ons 'n Wêreldraad van Kerke te maak. En die mens het . . . Wel, mense kon nie eens met mekaar saamstem nie, hoe gaan ons 'n hele wêreld met 'n man laat saamstem? En sodra jy dit doen . . .

67 Ons het Een met wie ons in harmonie moet wees, dit is God. "En in die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." En die Woord bly God, en sal altyd God wees, want God is in die Woord. "En die Woord het vlees geword, en het onder ons gewoon," in die Persoon van die Seun van God.

68 Nou vind ons uit, dat, na Hy hierdie groot bederf gevind het. Het gelyk, as dit ek en jy moes wees, en ons al daardie tyd en moeite ingesit het, dat ons die ding sou omgeskop het en dit

net laat staan het. Maar nie God nie. Hy was nie bereid, om Sy werk te laat ruïneer nie. Dis die liefde van God. Geen wonder die digter het gesê nie:

Sou ons die see met ink kon vul,
En was die hemele van perkament;
En elke voël op aarde 'n pen,
En elke mens 'n skrywer van beroep;
Die liefde van God daarbo te skryf
Sou die see dreineer;
Of sou die rol alles kon bevat,
Hoewel gestrek van kant tot kant.

69 Sien die liefde van God! Na die mens geval het en opsetlik die deur vir die vyand oopgemaak het, en ingekom en hom bederf het, en die dood op hom gesit het, was God steeds nie bereid dat dit verslaan sal wees nie. Hy het afgekom en weer oor begin. Hy sou daardie man weer maak.

70 Hy het Adam op 'n verbond gesit: "Doen *dit*, en nie *dit* nie; *dit*, en nie *dat* nie; raak nie aan nie, hanteer nie, proe nie.

71 Maar ons vind uit, toe Hy weer begin het, het Hy begin met—met Abraham. En in Abraham het Hy hom begin op 'n onvoorwaardelike verbond. Nie: "as jy sal" nie. Ek het. Ek het dit reeds gedoen. Ek het jou geseën, jou en jou saad ensovoorts, na jou. Dit was 'n onvoorwaardelike verbond. Hy het met Abraham begin, weereens Sy handewerk, en nou met Sy onvoorwaardelike verbond. Dan, wanneer ons uitvind het Hy op Abraham gebaseer en hom die verbond gegee, onvoorwaardelik, met die belofte.

72 Toe het Hy na die aartsvaders gekom, ons kom volgende, in die Ou Testament, soos ons afgaan. Hier het hy die fondament van sy werk ten toon gestel. Nou het ons Abraham, Isak, Jakob, Josef; die vier aartsvaders.

73 Nou, Abraham het geloofswerk verteenwoordig, geloof, want Abraham was 'n geloof. Hy het die groot geloof gehad, want: "Hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie." Wanneer ons sou sê: "dis klaar met hom," en alles teen hom, het hy steeds vasgehou aan God.

74 Dan het ons Isak, wat geliefde seun was, wat liefde verteenwoordig het. Want, Abraham wat 'n tipe van God is, terwyl Isak geoffer is, Génesis 22. Ons vind uit dat hy die hout teen die heuwel opgedra het. En alles het Christus weergegee, Hom vooraf geskadu. En toe het die ram gekom en is in plaas van hom geoffer.

Nou dit was geloof, liefde.

75 En *Jakob*, wat "onderkruiper" beteken, en dis 'n bedrieër. En ons besef dat Jakob se lewe eintlik genade voorgestel het, want dit was die genade van God, die heeltyd, met Jakob.

76 Dan kom Josef. Daar is niks teen Josef nie. Hy was die vervolmaakte een. God se profeet wat onder sy broers voortgekom het. En gehaat sonder 'n rede, en verkoop is. En op elke manier het sy lewe die lewe van Jesus Christus vooraf geskadu. "Het na Sy eie gekom, Sy eie het Hom nie ontvang nie." Soos Josef deur sy broers gehaat is, in 'n put gegooi is, vermoedelik dood was, uitgehaal is, tot die regterhand van Farao verhef is. En wanneer hy die troon verlaat het, het hulle die basuin geblaas, geweet, elke knie moes buig, en tot Josef.

77 Ons vind uit dat Jesus omtrent vir dieselfde prys as Josef verkoop is. Is uitgehaal uit die—uit die gat, en het na die Hemel opgevaar, sit aan die regterhand van God. En wanneer Hy van daardie Plek kom: "Die basuin sal blaas, en elke tong sal Hom bely," volmaaktheid.

Dit was geloof, liefde, genade, en volmaaktheid.

78 Dan kom die raamwerk, van hierdie groot beeldhouwerk. Hy het die raamwerk deur die profete gemaak. Die profete was die raamwerk.

79 Toe uiteindelik het die hoof van hierdie groot liggaam gekom, wat Christus Self was. Al die profete het voorspel van Hom. Al die fondasiewerk het voorspel van Hom. Die hele pad van die tuin van Eden af, vanaf dieselfde tyd dat Hy begin het: "Ek sal vyandskap tussen jou saad en die slang se saad sit." En ons vind uit dat Hy daar begin het en opgekom het deur die—die aartsvaders in die profete, en daar uitgekom het. Weereens het Hy Sy eie refleksie gesien, toe een man op die aarde gebore is, uit die skoot van 'n vrou, was dit God se Meesterstuk. Dit was die Seun van God, Jesus Christus. Waarom Hy was, was omdat Hy volmaak die Woord was.

80 "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

81 Nou sien ons in Hom 'n volmaakte meesterstuk gereflekteer. Hy was so volmaak, soos God, totdat Hy gesê het: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My nie glo nie. Hoewel Ek . . . Julle kan My nie glo nie? Glo die werke, want dit getuig aan julle, Wie Ek is." Ek hou daarvan. Sien? Hy het gesê: "As julle My nie glo nie . . . "

Hulle het gesê: "Jy is 'n Man wat jouself gelyk stel met God."

82 Hy het gesê: "As julle My nie kan glo nie, glo die werke wat Ek doen. En as Ek nie die werke doen van Hom wat My gestuur het nie, dan het julle geen reg om My te glo nie."

83 So behoort elke Christen vandag daardie selfde getuienis te hê. As in hierdie beloofde Woord van God, as ons lewens nie voldoen en presies navolg wat die Woord sê nie, dan het ons geen reg om onsself Christene te noem as ons nie wedergebore

is nie. Jesus het gesê, in Markus 16: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." Sien? Nie: "hulle mag; hulle behoort te; hulle sal moontlik" nie. Hulle sal dit doen. Dis die Beeldhouer wat ons gemaak het. Dis die Kerk wat uitgekap is. Dis die—dis die Liggaam van Christus.

84 Nou vind ons dat dit Hom volmaak reflekteer het. Die Beeldhouer het nou die Woord weer gereflekteer in die Meesterstuk, Sy Seun genoem, God, Emmanuel. Dink net, dat, 'n persoon so oorgegee, totdat God Homself daarin identifiseer, in daardie liggaam, en Hy het geword. . . Hy en God het een geword. "Ek en My Vader is Een. My Vader woon in My. Ek doen altyd dit wat die Vader behaag."

85 Wat as die Christen vandag so 'n getuienis kon hê? Jy sou 'n meesterstuk net hier in Yuma wees, op straat. As jy 'n wasvrou daaragter die wasbalie is, kan jy steeds 'n meesterstuk vir God wees, wanneer jy kan sê: "Ek doen altyd dit wat God behaag," en die hele wêreld kan die—die werk van Jesus Christus in jou gereflekteer sien.

86 Dit word vertel, eenkeer, die ou goud, voor hulle die smelter gehad het. Die. . . Hulle het altyd die goud geneem en dit geslaan, die slaner sou, die Indiane in die vroeë dae, toe Arizona in sy aanvangsjare was. Hulle het die goud geslaan tot die slaner sy eie refleksie in die goud gesien het. Hulle het al die ysterpiriet, die skuim, die vuilheid uit dit uitgeslaan tot die slaner sy eie refleksie soos 'n spieël kon sien, uitgeslaan.

87 Nou, dis wat die Evangelie doen. Soveel mense hou nie daarvan om omgedraai en uitgeslaan te word nie. Wel, wat die kerk vanaand nodig het, is 'n goeie, outydse, Heilige Gees uitslaan van die wêreld en die dinge van die wêreld. Dis wat Pinkster vanaand nodig het. Dis wat ons bewegings vanaand nodig het, is 'n goeie, outydse, goud—omdraai pakslae, tot die hele wêreld uit ons geslaan is, en Jesus Christus gereflekteer is.

88 Laat my hierdie handjievol mense vanaand hierbinne hê, die Christus ten volle in ag geneem, en hulle lewe aan Christus gewy. Ek kan meer met hierdie handjievol doen, of God kan liewer meer doen met hierdie handjievol mense hier, as wat jy met die hele Wêreldraad van Kerke kon doen vir die Koninkryk van God. Een man ten volle in Sy hande oorgegee, dis al wat God nodig het.

89 Maar, julle sien, ons is nie gewillig om stil te lê en Hom *hierdie* kant te laat slaan, *daardie* kant, klop *dit* uit, klop *dat* uit, klop *hierdie* idee uit, en *daardie*, en laat Jesus Christus in ons gereflekteer word nie. Ons sien te veel rolprente. Ons het te veel televisies. Ons het te veel ander wêreldse vermaak, tot die kerk sy smaak vir die mense verloor het. Dis omdat die Heilige Gees uitbeweeg, en iets anders inbeweeg. Dis reg, vriende.

90 Ek hoor die getuienisse, die outydse Pinksters, hoe hulle heelnag lank bidure gehad het. Ons vaders en moeders, veertig, vyftig jaar gelede, het heelnag lank gebid. Die mense het hulle gehaat op straat. En ons dink, vandag, as almal ons nie op die skouer tik nie, wel, is daar iets verkeerd met ons. "Wee jou wanneer alle mense goedpraat van jou." Hy is verag en verstote onder die mense, en ons is sy beeld. Amen.

91 Wat ons vandag nodig het, is sommige ware, egte bidure, 'n bietjie skoonmaak, die hele ent van die preekstoel af tot die opsigter toe, die hele huis om skoongemaak te word, van God, uitgeslaan, die Beeld van die Slaner, gereflekteer, die Evangelie in die krag van die opstanding van Christus verkondig. Dis reg.

92 Hierdie klein sosiale evangelietjie wat ons aan die gang het, en *hierdie* een op die skouer klop, en *hierdie* een 'n diaken maak, en *daardie* een 'n ouderling of so-iets, albei politiek. Was dit presies wat in Nicea Rome plaasgevind het? Ons wil van daardie goed af wegkom. Metodiste, Baptiste, Presbiteriaans, Pinksters, en alles, ons moet daar uitbeweeg.

93 Politiek hoort nie in die Kerk nie. Die Heilige Gees moet die Kerk oorneem, en nie 'n politieke stem van wie wie is nie. "God het in die kerk sommige apostels, sommige profete, en sommige leraars, en evangeliste, en pastore geplaas." Nie manne het hulle daar ingestem nie. God het hulle daarin geplaas, deur die roeping van die Heilige Gees, bidure, en oplegging van hande, en te bly voor God.

94 Maar, vandag het ons ons godsdiens tot 'n plek gesosialiseer dat dit byna net soos politiek self is, dat ons dit in al ons denominasies laat geld. Ons is...Een kan nie na die ander een wys nie. Ons is almal skuldig. Daarbinne vind jy sommige opregte manne en opregte vroue. Maar die probleem waaraan ek dink, ons kry te veel aan die—aan die minderheidskant, die opregte mense wat wil glo en die krag van God wil hê. Daar word te veel ingebring net deur 'n sosiale aksie: "Wel, *dit* is 'n goeie man. Hy is 'n gawe kêrel."

95 Ons het goeie kerke. Ons bou goeie kerke, en beter kerke as wat ons vroeër gehad het. Dis in orde. Daar is niks daarteen nie. Ek hou daarvan om die kerk te sien vooruitgaan.

96 Maar, broer, ek sou dit liewer sien vooruitgaan in die krag van die Here as om in die wêreldse dinge vooruit te gaan. Keer weer terug na die Evangelie! Keer terug na die krag van God! Keer terug na pinkster, die...soos die oorspronklike was. Maar, julle sien, die probleem daarvan is, ons wil nie daardie pakslae neem nie.

97 Jy kan iets sê oor iets, en een of ander immorele ding wat die kerk doen, of—of een of ander sosiale ding, net daar wys hulle jou weg, sluit die deure. Jy kan nie inkom nie, sien, want hulle het 'n byeenkoms en sluit jou uit. Hulle wil jou nie meer hê nie.

Hulle sê: "Jy is mal. Jy het jou verstand verloor." Maar solank as dit SO SPREEK DIE HERE is, maak dit nie vir my saak wat enigiemand sê nie. Dit verg die krag van Christus om 'n man te verander. Dit verg die krag van Christus om 'n man te hou.

98 En soos Jesus eenkeer gesê het: "Kyk na die lelies. En tog sê Ek vir julle dat Salomo in al sy glorie, nie soos een van hulle beklee is nie." Salomo in al sy glorie, was 'n manjifieke gesig. Daar is geen twyfel nie. Hy was 'n groot ding vir die wêreld, en 'n groot man voor God. Maar Salomo se kleed het geen lewe daarin gehad nie. Dit was 'n stuk materiaal, moontlik van 'n skaap se rug afgeskeer. Maar die lelie het lewe gehad.

99 Wat ons vandag nodig het, is die Lewe van Christus binne-in ons. Dis wat reinig, nie die buitekant, 'n omgedraaide boordjie, of 'n sielkundegraad, of iets nie. Dit verg die krag van die opgestane Christus om ons te maak wat ons moet wees. God het geen ander plan as om die Heilige Gees in die Kerk te laat regeer en heers nie.

100 O, God, Hy was soveel in die beeld van God, tot Hy en God Een geword het. "Ek en My Vader is Een." O, goeiste! Wat 'n lewe was dit, vir God om so in Hom te lewe, dat Sy hele lewe in God toegedraai was. Geen wonder dit was 'n meesterstuk nie!

Satan het na Hom gekom.

101 Elke keer dat God gedink het Hy het 'n meesterstuk, het Satan ingekom. Hy het in Moses ingekom, en hy het die gebooie gebreek. Maar toe hy na hierdie Meesterstuk gekom het, was dit God se eie keuse. Amen. Hy het—Hy het Hom voorbestem. Dit het hom niks gebaat nie. Hy het getrou gebly aan God, toe God na Hom gekyk en gesien het dat Hy veertig dae in die wildernis versoek is, soos Moses. Natuurlik, het al daardie manne Hom vooraf geskadu. Die wet is gebreek. Maar toe hy kom, Satan, die groot versoeker, en Hom probeer versoek het, het hy uitgevind hy het nie vir Moses daar gevind nie. Nee, meneer. Hy het 'n vyfduisend watt volt getref wat sy vlerke geskroei het toe hy teen daardie Een opgespring het.

102 "Daar staan geskrywe," het Hy gesê. Sien? Adam het uitgesak. Maar Jesus, die tweede Adam, daardie Meesterstuk wat gekom het as die Verlosser, hy het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.'" Daar het Hy 'n Meesterstuk gehad. Ja, meneer. Hy het nog iets gesê. Hy het gesê: "Daar staan ook geskrywe: 'Jy sal die Here jou God nie versoek nie.' Gaan weg, Satan.'" Daar was 'n Meesterstuk. Wat het Hy gedoen?

103 Nie gesê: "Ek sal my kerk sê. Ek sal die ouderling *so-en-so* laat doen. Die biskop sal *so-en-so* doen," nie.

104 Hy het gesê: "Daar staan geskrywe." Dis waaragter Hy Sy eerste Adam geplaas het, en hy het geval, en Satan het dit bederf. Maar hy kon nie hierdie Een bederf nie, ongeag wat hy gedoen het. In soverre, dat hy . . .

105 God het gesê: "Dit is My geliefde Seun. Luister na Hom. Alles, Ek gee alles aan Hom oor. Julle, luister julle na Hom." Hulle was Een. Hulle was dieselfde Een. God het in Hom gelewe, wat Hom God gemaak het, Emmanuel, op aarde. Hy was 'n volmaakte Lam, o, die volmaakte Meesterstuk van verlossing. Dit het God behaag, toe, net soos Michelangelo; Hy was so geïnspireerd met Sy lewe. Ons vind in . . .

106 Ek het Skrifte hier neergeskryf. Markus 9:7, as julle dit wil lees. Toe . . . Dis die Berg van Verheerliking. Toe Hy daarbo op die Berg van Verheerliking was, vind ons uit dat Moses daar verskyn het, en Elía daar verskyn het.

107 En toe, voor jy weet wat, het die apostel Petrus so geïnspireerd geraak, dat hy gesê het: "Laat ons drie tabernakels hier bou. Ons sal net drie organisasies hieruit maak. Ons sal drie denominasies maak: een vir Moses, een vir Elía, en een vir U."

108 Terwyl hy nog gepraat het, het daar 'n stem uit daardie wolk gekom. Dit het gesê: "Dit is My geliefde Seun. Ek het so 'n welbehae in Hom, Ek gaan Hom vir julle slaan. Luister na Hom. Hy gaan praat."

109 "Hy is terwille van ons oortredinge deurboor. Hy is terwille van ons ongeregtighede verbrysel." Hy was 'n Lam, die Lam van God, die volmaakte Offer. Daar was nooit iemand wat soos Hy gelewe het nie, was nooit sedertdien iemand wat soos Hy gelewe het nie. Hy was die volmaakte Meesterstuk, het God se Woord presies gepas.

110 God het in die begin Sy woord gegee, 'n gedeelte vir *hierdie* deel van die tyd, vir *daardie* deel, vir *daardie* deel.

111 Daar is dit waar mense so mislei en verwar is vandag. Hulle probeer om op iets te bou wat veertig, vyftig jaar gelede gebeur het. Ons is . . . Dit, dit wat vir daardie eeu gegee is.

112 Wat sou dit Moses gebaat het om met—met Henog se boodskap te kom? Wat sou dit Moses gebaat het om met—met Noag se boodskap te kom? Wat sou dit Jesus gebaat het om met—met Moses se boodskap te kom? Sien? En wat sou dit Wesley gebaat het om met Luther se boodskap te kom? Wat sou dit die Pinkster gebaat het om met Wesley se boodskap te kom? Sien wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

113 Dis alles hier in die Bybel toebedeel, en ons moet die eeu en uur ken, en wat vir ons is. En daar is dit waar ons vandag faal. Ons lees alles behalwe die Bybel. Dit is die dag wat ons behoort te lewe. Dit is die dag wat God ons hier geplaas het. Laat ons in die Woord kyk.

114 Dis hoe hulle Jesus nie kon sien nie, daardie Fariseërs, en Sadduseërs, Herodiane. Die verskillende organisasies van daardie dag het dit so vasgestel gehad, en so presies vasgestel,

daar was geensins 'n manier vir 'n ontsnapping nie, het hulle gedink. Maar toe Hy kom, het Hy absoluut . . . was Hy anders as wat hulle almal dit voorgestel het. Hy was 'n klein, nederige Kêreltjie in 'n stal gebore, met 'n . . . veronderstel om 'n buiteegtelike Kind te wees, en al hierdie goed soos daardie.

115 Maar, tog, Hy het presies op die manier gekom soos die Skrif gesê het Hy sou kom. En hulle was gewoond aan wat Moses gesê het, en Moses het van Hom gepraat. Hy het gesê: "Wel, as julle Moses sou geken het, sou julle My geken het. Moses het van My gepraat." En nóg kon hulle dit nie sien nie. Net so verdraaid in hulle tradisies, dat hulle dit nie kon sien nie. Maar, julle sien, Hy het nie gekom om daardie organisasies van daardie dag te weerspieël nie. Hy het nie gekom om sektariese godsdiens te weerspieël nie.

116 Hy het gekom om die Vader te weerspieël, en die Vader was die Woord. Amen. Nou voel ek regtig godsdienstig. Hy het gekom om die Vader se Woord te weerspieël. God het gesê Hy sou daar wees, en daar was Hy, die volmaakte meesterstuk van God se groot handewerk. O, goeiste! Hy was die volmaakte refleksie van Hom. Hy het alles weerspieël waarvan—waarvan God gepraat het. Hy het weerspieël wat Adam van Hom gesê het. Hy het van alles wat die profete gesê het, weerspieël, van alles wat die aartsvaders gesê het. Alles wat Hy gesê het, Hy was die vervulling van die Woord. Alle tipes is in Hom vervul. Ja. Hy het Jehova van die Nuwe Testament geword. Hy was die Ou Testamentiese Jehova. "Die Woord toe," wat in die Vuurkolom was: "is gemanifesteer en het onder ons gewoon." Jehova van die Ou Testament het Jesus van die Nuwe Testament geword. Hy was 'n volmaakte spieëlbeeld van God.

117 O, as die Kerk vandag net daardie eerste Kerk kon weerspieël, toe die Heilige Gees op die Pinksterdag geval het! As die Christen vandag kon weerspieël! Ons is 'n klomp basters, teen wat hulle was.

118 Ek het deurgereis, het vandag gekom. Ek het gekyk, met die afkom hiernatoe, verby een van hierdie klein Casa Grande, of party van hierdie klein plekkies hier. Ek het opgelet daar was 'n—'n katoenboerdery, en verskillende luserns. Hulle moes windpompe daar hê, om water te pomp, om dit aan die gang te hou. Hoekom? Dit hoort nie daar nie. Sekerlik nie. Maar, kyk na die ou kaktus, dit kon vir vyf jaar nie reën nie en dit sou lewe. En as jy nalaat om vir 'n paar dae water daarop te gooi, sal dit doodgaan. Julle sien, dis nie die oorspronklike nie.

119 Dis hoe ons is. Ons moet gepiep word, en grootbase in die kerk gemaak word, en op die skouer geklop word, en *dit*, *dat* of die *ander* genoem word.

120 Wel, daardie vroeë Christene was gehard. Hulle het nie omgegee wie hulle op die rug geklop het nie. Hulle het Jesus

Christus weerspieël, soveel so, dat hulle gesê het hulle het opgelet dat hulle. . . Hulle was onkundig en ongeletterd. Hulle het nie hoërskool toe gegaan nie, en hulle het nie 'n kollegegraad gehad nie. "Maar hulle het gemerk dat hulle by Jesus was." Dis wat hulle nodig het, die Christene vandag, om te merk dat jy by Jesus was. Daar is iets omtrent jou wat anders is. Ek weet dit is nie. . . Dis 'n ongewilde ding om te sê, maar ons soek nie na gewildheid nie. Christene soek nie na iets makliks nie.

121 'n Ou suster in my kerk jare gelede, het altyd gestaan en die lied gesing.

> Moet ek Hemel toe gedra word op 'n blombed
> van gemak,
> Terwyl andere geveg het om die prys te wen
> en deur bloederige seë seil?
> Nee. Ek moet veg as ek moet regeer.

122 Dink wat jy sou doen as jy hier was en alles was teen Jesus Christus, as jy in Sy dae sou lewe. Jy lewe daar, my broer, suster. Dis reg. Hy is steeds die Woord. Kyk hoe hulle vandag Daarop trap. Kyk hoe hulle Dit probeer organiseer, Dit verenig, en alles soos daardie, met die wêreld. Staan uit. Neem jou—neem jou standpunt in vir Jesus Christus en Sy Woord. Laat niks dit verhinder nie. Bly net Daarby.

123 Soos die ou Chinese wasseryman, wat altyd hier na Arizona en Kalifornië gekom het, jare gelede. Hy kon nie een woord Engels skryf nie. Hy het dit skaars geken. Jy neem jou wasgoed na hom toe. Weet jy wat hy sou doen? Hy het klein stukkies papier gehad, hoegenaamd niks daarop geskryf nie. Hy sou net daardie stuk papier skeur en jou een stuk gee. Wanneer jy terugkom, moes daardie stuk papier by sy stuk papier pas, of jy het nie jou wasgoed gekry nie. Dis heelwat beter. Jy kon 'n naam afskryf, maar jy gaan hom nie daar kul nie, want daardie stuk papier moet presies by sy stuk papier pas.

124 Dis hoe God ook Sy verbond gemaak het. Ons ondervinding is nie om by een of ander geloofsbelydenis, een of ander dogma, een of ander kerk denominasie te pas nie, maar dit moet by God se Woord, Jesus Christus, pas. Reg. Wanneer ons na Chrsitus toe kom, dan eis Christus ons op. Hy het Hom in twee geskeur, by Gólgota. Deel daarvan het Hy opgelig, en om aan Sy regterhand te sit, wat die liggam was. Die Gees, Hy het gekom, is hiernatoe teruggestuur om 'n Bruid vir Hom te maak. En daardie selfde ondervinding wat in Christus was, moet in ons wees.

125 Hy was—Hy was absoluut so volmaak dat Hy die Beeldhouer behaag het, en het Hom soveel geïnspireer dat Hy Hom op Gólgota geslaan het. O goeiste! Nou sien ons Hom soos die Skrif, God se Meesterstuk, gesê het. "Ons het Hom gehou as geplaag, geslaan en verdruk deur God." Daar is die ware meesterstuk. Soos 'Angelo syne geslaan het, dis wat gemaak het. . .

126 As Hy net ’n goeie lewe gelei het, sou Hy soos sommige van die mense gewees het wat vandag die sosiale evangelie verkondig: “Hy was ’n profeet.” Hy was ’n profeet, maar Hy was meer as ’n profeet. Hy was God. Hy was Emmanuel.

127 En wat Hom nou presies maak, vir my, die—die Meesterstuk vir my en vir jou, is omdat God Hom geslaan het. Hy het Hom op Gólgota geslaan. As Hy nie geslaan was nie. . . Ongeag hoeveel dooies Hy opgerig het, hoe wonderlik Hy gepreek het, wat Sy wonderlike lewe was, wat Sy verklarings was, is Hy daar bewys. Hy was so behaag, God was, dat Hy die enigste Man was wat ooit op die aardbodem gestaan het wat God vir die res van hulle kon slaan. Daardie volmaakte Een was vir die onvolmaakte geslaan. Die hele skepping wat geval het deur Adam, dit is deur Jesus Christus verlos. God se Meesterstuk het die toets deurstaan. Hoe het Hy dit gedoen? Deur die Woord. “Daar staan geskrywe: ‘Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.’”

128 O, Christenvriend, trek die hele wapenrusting van God aan. Moenie terugstaan met een of ander ideetjie van een of ander geloofsbelydenis, of iets waarby jy staan nie. Trek die hele wapenrusting van God aan wanneer jy teen die vyand gaan veg, soos ons Here het. Hy het gewys hoedat die swakste Christen Satan net met die Woord kan verslaan. Hy het magte gehad, Hy kon Satan enige manier slaan soos Hy wou, maar Hy het dit nie gebruik nie. Hy het net die Woord geneem en hom daarmee verslaan. “Daar staan geskrywe. Daar staan geskrywe.” Oral: “Daar staan geskrywe.” Dus het Hy Satan met die Woord van God verslaan.

129 Nou, dit was ’n volmaakte Meesterstuk en God het dit geslaan. Watter voorbeeld was Dit! Wat ’n ware ding! Praat van Michelangelo se stuk—stuk beeldhouwerk daar, deur Moses wat op die been geslaan is? Die Bybel het gesê: “Hierdie Man is meer as alle manne geskend. Hy was so erg geskend dat Hy nie eens soos ’n mens gelyk het nie. Hy was geslaan. Hy was verbrysel. Hy was bebloed. Hy was verwond.” Hy. . . Alles wat kon gedoen word. Hy het net soos ’n—net soos ’n groot hoop Bloed en bene gelyk, wat saamloop. Hy het selfs nie soos ’n mens gelyk soos Hy dit opgesleep het na Gólgota nie. God het Hom vir ons geslaan. Dis wat Hom die volmaakte Meesterstuk maak.

130 O, hoef lief het ek Hom, weet dat Hy dit vir my gedoen het, weet dat Hy dit vir jou gedoen het. Hoe kan ons—hoe kan ons dit nadoen? Niemand kan dit nadoen nie. Niemand is waardig om dit na te doen nie. Ons was hier sonder hoop. Ons sonder God. Ons sonder enige manier van verlossing. Elkeen van ons seksueel gebore, en ons moes net die prys betaal. Maar Hy het gekom, die volmaakte Een, en was so volmaak en so welbehaaglik dat God Hom vir my en jou geslaan het.

131 Nou, vir byna tweeduisend jaar, het God probeer om vir Hom ’n meesterstuk Bruid uit te sny, wat die Kerk genoem word. Dis reg. Hoe doen God dit? Hy doen dit deur Sy onveranderlike metode, die Woord. God verander nooit Sy metode nie. Enigiemand, jy kan. Jy verander. Ek verander. Tyd verander. Die wêreld verander. Maar God verander nie, Hy is volmaak. Hy verander nie. En soos Hy enigiets die eerste keer doen, doen Hy dit elke keer op dieselfde manier.

132 Hy het die mens eenkeer gered omdat hy berou gehad het. Dis hoe hy die mens weer sal red. Hy het een man genees omdat hy geloof gehad het. Hy sal die volgende een op dieselfde basis genees. Hy verander nooit sy manier nie, want, sien, Hy is soewerein en Hy is Ewig. Hy is oneindig, alomteenwoordig, alwetend. Hy is God. En daarom hoef Hy nie enigiemand om wysheid te vra nie. Hy hoef nie te wag tot Hy meer leer nie. Hy het nie ’n nuwe graad nodig nie. Hy is volmaak. En watter graad ook al, en watter ding Hy ook al eerste maak, bly Sy eerste besluit vir ewig dieselfde. Dit kan nooit verander word nie. O, hoe bly is ek!

133 En toe Hy Sy eerste meesterstuk gemaak het, het Hy hom agter die Woord geplaas. Toe Hy Sy tweede Meesterstuk gemaak het, was Hy die Woord. Amen. Hy was die Woord; nie *agter* die Woord nie. Maar Hy was die Woord. God verander nooit Sy plan nie. Dis presies wat Hy begin het om met Sy eerste kerk te doen, die Woord.

134 Nou, God, die Woord, in die begin was Hy onafhanklik van al die ander, alle ander dinge, alle ander mense. Nou, ek bedoel nie om dit te sê om anders te wees nie. God is’n segregasionis. Weet julle wat? Julle praat van integrasie? God is ’n segregasionis. Hy is beslis. Hy sonder Sy mense van die wêreld af. Hy het Israel, Sy volk afgesonder. Hy probeer om Sy Kerk van die wêreld af te sonder, maar die kerk wil saam met die wêreld gaan. Maar Sy mense is steeds afgesonder, afgesonder tot Hom. Wie is Hy? Die Woord.

135 Hoe kan ’n mens die doop van die Heilige Gees hê, en die Heilige Gees het die Woord geskryf, en ’n mens het die doop van die Heilige Gees en die Woord ontken? Hoe kan die Heilige Gees, in jou, Sy eie Woord ontken wat vir jou uiteengesit is? Ek kan dit nie verstaan nie. Dit moet met die Woord saamstem. En as jou gees in jou nie elkeen van God se beloftes met “amen” beklemtoon nie, is daar iets verkeerd.

136 Broer Fred Sothmann of iemand hier vanaand, het aangehaal: “Jesus Christus is dieseflde gister, vandag, en vir altyd.” Hy is die Woord. Dit, beslis. Hy is altyd dieselfde, sien, en jou gees moet dit met “amen” beklemtoon.

137 “O, Hy, op een manier is Hy.” Op elke manier is Hy dieselfde, gister, vandag, en vir altyd.

138 Nou let ons op dat God begin het om Hom 'n—'n Bruid vir Christus te maak. So...En die Bruid moet met Hom en in Hom geïdentifiseerd wees, want dit is deel van Hom. Nou, die Bruid is deel van Hom. Sy is deel van Hom. Die Woord vir daardie dag, die Bruid word deel van daardie Woord, want dis Christus. Nou, glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ons moet in Christus wees. In Christus, ons moet van Christus wees, in Christus, deel van Christus.

139 Wat is 'n vrou, wanneer sy 'n man neem, of 'n man 'n vrou neem? Daardie vrou moet deel van hom wees. Hulle is nie meer twee nie. Hulle is een.

140 En toe God en Christus een geword het, was hulle Een. Want, God was die Woord, en die Woord is vlees gemaak. Die vlees en die Woord het Een geword. En wanneer die kerk Christus se Bruid word, is Sy en die Evangelies dieselfde.

141 Hoe kan jy dan sê: "Die dae van wonderwerke is verby"? Hoe kan jy dan sê: "Hy is nie dieselfde gister, vandag, en vir altyd nie"? Hoe kan jy sê: "Daardie dinge is vir 'n apostel of 'n dissipel, of iemand in 'n ander dag," wanneer jy deel van Hom is?

142 Wanneer Hy gesê het: "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie." Wat van Openbaring 22 toe Hy die Boek klaar geskryf het? Hy het gesê: "Ek verklaar dat as enigiemand een woord sal byvoeg, of een Woord Daaruit neem, sy deel uit die Boek van die Lewe geneem sal word."

143 Hoe gaan ons dan na die Hemel toe kom om te sê: "Wel, ek glo *dit*, maar ek glo nie Dit nie"? Jy moet die volle Woord wees, want jy is deel van Hom. Dis hoe God probeer om Sy Kerk vandag te maak, nie deur 'n geloofsbelydenis nie. En hulle probeer ons daar indwing, mense. Jy kan dit sien kom. Die handskrif is aan die muur. Sal nie te lank wees tot ons 'n wêreld Kerk is nie. En elke kerk sal net daarby moet inval, of die omstandighede verduur. Wel, is jy gereed om dit te verduur? Jy moet dit liewer nie doen omdat jy dink dis die regte ding nie.

144 Jy beter Christus in jou hê, want die Woord is Ewig, en daardie Woord is wat jou weer sal opwek. Jy word deel van daardie Woord. Jy is geïdentifiseerd met die Woord.

Vandag, sê jy: "Ek is 'n Christen."

145 "Aan watter denominasie behoort jy?" Wel, dit het nie een ding met Christendom te doen nie.

146 Dis goed om denominasies te hê. Ek is nie daarteen nie. Maar, sien, dit, dis wat die mense is. Baie mense sê ek breek denominaseis af, ek skop hulle. Ek doen dit nie. Nee, meneer. Die denominaseis, hulle is goed. Dis net, soos werkskontrakte, of so-iets. Maar wanneer jy bly, omdat jy sê: "Ek is 'n Christen, want ek behoort aan *sekere-sekere* kerk," beteken dit niks

nie. Jy moet van Christus wees, en Christus is die Woord. En baiekeer is daardie denominasies so ver van die Woord soos Oos van Wes is.

147 Jy moet by daardie Woord bly, om die Bruid te wees. As jy in die Bruid is, is jy in die Woord, en die Woord is in jou. En die Woord wat God deur Christus weerspieël het, weerspieël dieselfde God deur jou. Amen. *Amen* beteken "laat dit so wees." So, laat dit so wees. Ek glo dat dit die Waarheid is. Jy moet met Hom geïdentifiseerd wees.

148 Nou, as ek 'n ware opregte Amerikaner sou wees, as ek 'n ware burger van hierdie nasie sou wees, moet ek daarmee geïdentifiseerd wees. Ek sal alles wat sy ooit was, moet wees, reg of verkeerd. Ek moet alles wat sy is, wees, reg of verkeerd; alles wat sy ooit sal wees, reg of verkeerd. Ek moet met hierdie nasie geïdentifiseerd wees, as ek 'n Amerikaner gaan wees. Is dit reg? In haar glorie of haar skande, vryheid of vlam, wat sy ook al is, ek moet die maker van haar onsterflikheid wees. Ek moet as 'n eenheid staan. Alles wat sy is, is ek. Alles wat sy ooit was, is ek. Alles wat sy ooit sal wees, ek moet deelgenote met haar wees. Dis reg.

149 Dink net daaraan vir 'n paar minute. Dan, om dit te wees, as 'n Amerikaner. Ek sal julle dit laat snap, sodat julle dit verseker sal sien, terwyl ek afsluit.

150 Om 'n Amerikaner te wees, moet ek met alles wat sy ooit gedoen het, geïdentifiseerd wees. Dan het ek op Plymouth Rock geland, saam met die—saam met die voorvaders. Ek was by Plymouth Rock saam met die Pelgrims. Ek was daar saam met hulle. Ek het saam met Paul Revere een aand gery om hierdie nasie oor haar gevare te waarsku. Ek moes wees, as ek Amerikaans was.

Julle sê: "O, Broer Branham!"

151 Wag 'n bietjie. Die Bybel het gesê, in Hebreërs die 7de hoofstuk, dat: "Levi wat tiendes ontvang het, het tiendes betaal, want hy was in die lendene van Abraham toe hy Melgisédek ontmoet het, sy oor-oorgrootjie, en dit was vir hom gereken. Toe sy agter-agterkleinseun in sy lendene was, toe Abraham tiendes aan Melgisédek betaal het, het God dit gereken. Het Hy dit gedoen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis reg.

152 Wat hierdie nasie ook al is, is ek. Dis reg. So, ek het op Plymouth Rock geland. Ek het saam met Paul Revere gery.

153 Ek het die Valley Forge oorkruis, was op daardie ysige rivier saam met George Washington. Ek was een van daardie Amerikaanse soldate wat geen skoene gehad het om teen die Britte te marsjeer nie. Ek het daardie oggend koue voete gehad, toe ek my voete toegedraai het. Ek het Washington sien uitkom uit die wildernis, nat, reg tot by sy middel, van bid die heelnag. Ek was daar toe dit gebeur het.

154 Ek het saam met Stonewall Jackson gestaan toe die opposisie so groot was. Toe die noordelike leërs daarnatoe gestuur is, het hulle gesê: "Al die leërs is teruggebreek."

Het gesê: "Waar is Jackson?"

155 Het gesê: "Hy staan soos 'n klipmuur." Ek het saam met hom daar gestaan, baie klein blou-oog kêreltjie.

156 Hulle het hom eenkeer gevra: "Hoe kan jy staan wanneer die opposisie so groot is?"

157 Baie beskeie man, hy het sy stewel *só* geskop, gesê: "Ek bring nooit 'n sluk water na my mond toe, tensy ek die Almagtige God dank nie." Ek het saam met hom in sy oortuigings gestaan. Ek het saam met Stonewall Jackson gestaan. Dis reg.

158 Ek was by die Bostonse Teeparty. Ek het gehelp om party van daardie Britse Tee uit te gooi in die oseaan. Ek moes, om 'n Amerikaner te wees. Ja, meneer. Ja, meneer. Ek het die Onafhanklikheidsverklaring geteken, saam met Thomas Jefferson. Ek het die Vryheidsklok gelui, op die 4de Julie 1776.

159 Ek is geïdentifiseer met haar skande van die revolusionêre, toe broer teen broer geveg het, en vader teen seun. Ek moet in haar skande geïdentifiseer wees, dieselfde soos ek in haar glorie geïdentifiseer is. Dis presies reg.

160 Ek was by Wake Eiland toe al daardie soldate hulle lewens verloor het. Ek het hulle dit sien doen. Ek het hulle gesien toe hulle Wake Eiland geneem het. Ek het die vlag help hys op Guam. Sekerlik.

161 Alles wat sy was, en alles wat sy ooit gedoen het, alles wat sy nou is, sê ek met trots dat ek deel is van haar, omdat ek bly is om 'n Amerikaner te wees. Is julle nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

162 Om 'n Christen te wees, moet ek dieselfde wees. Halleluja! Ja, meneer. As ek 'n Christen is, dan het ek die Evangelie verkondig en gewaarsku oor die aankomende oordele, saam met Noag. Ja, meneer. Ek was deel daarvan destyds, daarin. Ek was deel van God se ekonomie.

163 Ek was saam met Moses by die brandende bos. Ek is uit Egipte saam met Moses gedryf. Ek het die wildernisvlug geneem, en ek was saam met hom by die brandende bos. Ek het Sy stem gehoor. Ek het Sy heerlikheid gesien. Ek het die Vuurkolom agter in daardie bos daaragter gesien praat met Moses.

164 Ek was saam met hom by die Skelfsee toe dit geopen het. Ek het die Vuurkolom op die Berg Sinai gesien sak. Ek het manna in die wildernis geëet en van die geslane rots gedrink. Halleluja! (Ek voel nie nou vyf-en-vyftig nie.) Amen. Ja, meneer. Ek het manna in die wildernis geëet saam met die Hebreeuse kinders destyds in die wildernis. En ek het van daardie selfde geslane rots gedrink.

165 Ek het daardie oggend saam met Josua gestaan toe hy die mure van Jérigo bekyk het, en hy ’n Man sien staan het. Hy het sy swaard uitgepluk en gehardloop om Hom te ontmoet. Hy het gesê: “Is jy vir ons. Is jy met ons vyand?”

166 Hy het gesê: “Ek is die Leërowerste van die Here se leërskare.” Ek het Josua sy swaard op die grond sien gooi. Ek het saam met Josua gekniel toe ek voor Hom gebuig het, die Here se Leërowerste van Sy leërskare. Ek het die mure van Jérigo sien omval met die blaas van die basuin.

167 Ek het Josua gesien, het gesê: “Son, staan stil. En maan, staan oorkant Ajalon. Moenie beweeg nie.” Ek het die son sien stilstaan, en die maan het nie opgehou om haar lig te gee nie. Ek het dit alles sien plaasvind.

168 Ek was saam met Daniël in die leeukuil; saam met die Hebreeuse kinders in die vuuroond.

169 Ek was saam met Elía, daar toe die hele wêreld teen hom gedraai het, en Agab en al hulle Isébels met al hulle afgesnyde hare en dinge van daardie dag, hulle verwe en poeiers, alles wat die kerk gekry het. Ek het saam met Elía gestaan, het die boodskap rein en skoon op God se Woord verklaar. Halleluja! Ek het saam met hom op die Berg Karmel gebly toe hy alleen daar gestaan het. Ek het hom die vuur uit die hemel sien afbid.

Ek was saam met Dawid toe hy Goliat verslaan het. Eer aan God!

170 Wel, as ek ’n Christen is, is ek in alles daarvan geïdentifiseer. Ek moet deel daarvan wees. Ja, meneer.

Ek het saam met Jesaja in sy dag geprofeteer.

171 Ek was saam met Johannes op die Jordaan toe hy die duif sien afkom het op Hom. Ek het saam met Johannes by die Jordaan gestaan.

172 Ek het Hom die siekes sien genees; Lasarus opwek; Jaïrus se dogter weer tot lewe opwek, na sy dood was. Ek het dit gesien.

173 Ek is met Hom in Sy dood geïdentifiseer. Ek het saam met Hom gesterf toe Hy op Gólgota gesterf het, en ek het weer op Paasoggend saam met Hom opgestaan in die krag van Sy opstanding. Ek is ’n getuie daarvan vanaand. Ek het saam met Hom op Gólgota gesterf, opgestaan saam met Hom op Pase. Halleluja! Om deel van Hom te wees, moet ek met Hom geïdentifiseer wees. Ek was met Hom in Sy dood geïdentifiseer. Ek was met Hom in Sy lyding geïdentifiseer. Ek was geïdentifiseer met Hom toe die denominasies Hom verwerp het. Ek was met Hom geïdentifiseer toe hulle Hom uit die tempel gestoot het, toe hulle probeer het om te gooi, van Hom ontslae te raak. Ek was saam met Hom daar. Ek was saam met Hom in Sy dood, het saam met Hom in Sy opstanding opgestaan.

174 En ek was saam met die honderd-en-twintig toe hulle na die bovertrek opgeklim het. Ja, meneer. Ek het daardie magtige rukwind wat van die Hemel gekom het, aanskou. Ek het saam met die gesalfdes op die Pinksterdag met tale gespreek. Halleluja! Ek was daar, want ek is met Hom geïdentifiseer. Eer aan God! Dis reg. Ek het saam met Petrus gepreek, in Handelinge 2. O, ek het saam met hom daar gepreek.

175 Ek het saam met Paulus op Marsheuwel gepreek, voor die kritici. Ja, meneer. Ek moes gewees het.

176 Ek was saam met Johannes op die Eiland van Patmos. Ek het die visioen van Sy Koms gesien. Ek het. Ek—ek het Luther gesien. Ek was saam met hom tydens die hervorming.

Ek was saam met Wesley.

177 En nou is ek hier in Yuma, Arizona. Halleluja! Ek is vanaand geïdentifiseer, hier in die Stardust Motel, met 'n groep mense wat dieselfde ding glo. "En ons sit nou saam in Hemelse plekke in Christus Jesus." Halleluja! Ek sien uit na Sy Koms in heerlikheid, een van hierdie dae. Geïdentifiseer met Hom!

Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
Begrawe, het Hy my sonde ver weggedra;
Opgestaan, het Hy my vrylik regverdig vir ewig;
Eendag kom Hy, O glorieryke dag!

178 Ek is nou in die doop van die Heilige Gees geïdentifiseer; nie iets hierbuite op straat nie, iets veertig jaar gelede nie. Ek het dit op die oomblik, die heerlikheid en krag van God van vergifnis van sondes. Ek sien hom die siekes genees, die blinde oë open, sien Hom dinge voorspel, die harte van die mense lees. Ek is met Hom in Sy bediening vir hierdie dag geïdentifiseer. Eer aan God! Ek is met Hom geïdentifiseer, vir verlossing in hierdie laaste dae. Ek vertrou om 'n deel van daardie groot Bruid te wees wat een van die dae kom.

179 Ongeag wat die wêreld mag sê, hulle mag ons "mal, histeries, of Beëlsebubs, of ketters" noem, wat hulle ook al wil. Ek wil steeds met daardie groep geïdentifiseerd wees. Ek is nog steeds daar. Ek sal daar bly. Ek is daar gebore. Ek wil daar bly. Ek sal altyd daar wees, want God het my daar geplaas. Ek is. Ek het my kerk verlaat om my met 'n klomp holy-rollers te kom identifiseer. Ek is een van hulle. Ek is met hulle geïdentifiseer.

Hulle sê: "Billy, jy het jou verstand verloor."

180 Dalk het ek, maar ek het die verstand van Christus gevind. Ek het Sy Woord gevind, Sy Teenwoordigheid gevind, gevind dat Hy dieselfde is gister, vandag en vir altyd!. . .gee nie om wat enigiemand anders daarvan dink nie. Dit is ek. Ek

is die een wat my identifikasie moet maak. Ek is met Hom geïdentifiseer, deur God se Woord. Hy het gesê: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." Ek is bly ek is daarin geïdentifiseer te wees. Ja, meneer.

181 Weet julle, die ou meesterviolis, eenkeer. Julle het die storie gehoor. Hulle het 'n ou viool gehad en dit opgeveil. Hulle wou dit verkoop en niemand wou dit koop nie. Hulle het gesê: "Wie sal 'n dollar gee? Wie sal 'n dollar en 'n half gee?" Uiteindelik: "Gaan een keer, gaan twee keer, 'n dollar en 'n half."

182 Uiteindelik het 'n ou gryskopman uit die gehoor gekom. Julle ken die storie. Het dit opgetel, gesê: "Laat my dit kry." Het bietjie harpuis op sy strykstok gesit en dit 'n paar keer gestryk. Die mense het begin huil. Die trane het so van hulle gesigte begin afloop.

183 En toe hulle het, het die afslaer dit weer opgetel, het gesê: "Wie sal een gee" gesê: "duisend dollar, tweeduisend, vyfduisend?"

184 Wat was die verskil? Die meester, die een wat dit geken het, die een wat dit gebou het, hy het geweet hoe om daaruit te haal wat daarin was.

185 En solank ons probeer om ons kerke uit geloofsbelydenisse en denominasies te bring, sal ons dit nooit doen nie. Laat die Meesterbouer van die mensdom, Wat die mens in Sy eie beeld gemaak het, Wat 'n Bruid vir Hom vir dieselfde ding bou, laat Sy strykslag van die Heilige Gees hierdie Woord eenkeer in jou hart stryk, en dit sal ons beste voorbeeld wees. Ongeag hoeveel groot kerke jy na toe gaan, en hoeveel name op die boek is, dit sal meer vir Jesus Christus doen as al die kerke, en denominasies, en geloofsbelydenisse, en wêreldkerke, en organisasies, in die hele wêreld.

186 Hy is 'n Bruid aan die maak. Ja, meneer. Hy kap die splinters nou af, kap die wêreld af. O, kerkaansluiting, en geloofsbelydenis, en denominasies en dogmas, alles moet van die Kerk weggesny word; hulle formele idees, hulle onverskilligheid, hulle leerstellings en dinge. Keer terug en laat die Meester die strykstok optel. Laat die Meester jou in Sy hande optel, die Woord stryk, sê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

187 Sê: "Amen, Here. Maak my, vorm my, maak my, Here, wat ek moet wees." Dan sal daar 'n ander ding wees.

188 Dan: "As Ek van die aarde verhef word, sal Ek alle mense na My toe trek." Ja, meneer.

189 Hy sny jou nou uit, sny jou af tot Sy Woord alleen, sny al die geloofsbelydenisse en dogmas en alles weg van jou, probeer om 'n Bruid vir die Seun terug te kry, nog 'n Meesterstuk, deel van die Woord. Die Woord!

190 Jesus kon nie die plek neem nie. Onthou julle toe hulle daardie dag in die Boek gelees het? Hy het net deel van die profesie gelees, het die res daarvan gelaat vir die laaste dag. Ons is veronderstel om daardie deel te neem.

191 So, julle sien, Hy het gesny, wil die Kerk uitsny, net soos Hy die Seun uitgesny het, soos Hy die Bruid en die Bruidegom het. Om Sy Bruid te wees, moet jy deel van Hom wees. Nie deel van die geloofsbelydenis nie, nie deel van die kerk nie, nie deel van die denominasie nie, maar die deel van Hom. Uit enige ander soort vorm gekap sal nie werk nie. Jy moet uit die Woord uitgekap wees. Die wêreld van jou afgesny, en laat net die Woord in jou lewe.

192 Die groot Beeldhouer reken op jou wat gewillig is om te staan en jouself te laat vorm in die gelykenis van Sy vereiste wat Sy Woord vereis. "In die laaste dae sal Ek My Gees op alle vlees uitstort. Julle seuns en dogters sal profeteer." Christus is die geïdentifiseerde Meesterstuk van die Woord wat vlees geword het. Jy word gevra om jouself in Hom te identifiseer deur dieselfde Woord, om die meesterstuk vir die Bruid te wees.

193 Nou, broers, God het toe 'n meesterstuk gehad om aan die wêreld voor te stel, nou wil Hy vandag 'n meesterstuk hê. Is jy gewillig? Is jy gereed, my Christenvriend? Is jy regtig seker dat jou lewe so vir Christus weerspieël, ongeag wat die wêreld sê. Hulle sê: "Jy het jou verstand verloor. Jy het mal geword. Jy het gegaan en by daardie klomp holy-rollers aangesluit." Moet jou nie daaraan steur nie.

194 As jy nie regtig waarlik gered is, en in daardie Liggaam, en die Woord van God in jou en ditself weerspieël, en die Lewe van Christus uit jou weerkaats nie; broer, suster, jy moet nie daardie kans vat nie. Ek gee nie om wat jy is, watter soort ondervindings jy het nie, laat daardie Woord elke dag deur jou weerkaats, want God, in hierdie laaste dae, neem 'n Bruid vir Sy Seun, Jesus Christus.

Laat ons ons hoofde buig.

195 Dierbare hemelse Vader, so 'n kru manier voor 'n intelligente klomp mense. My geleerdheid is vold-. . . onvoldoende, Here. Ek bid dat die groot Heilige Gees hierdie woorde in die mense se hart sal sink, dat hulle sal sien wat ek bedoel het, as hulle nie my manier van dinge saamflans verstaan nie, Here. Maar in my hart ek—sien ek wat U—wat U probeer doen.

196 Ek glo, Vader, dat die Bruid moet deel wees van die Bruidegom. Sy moet dieselfde as die Bruidegom wees, want sy is deel van Hom. Sy kon nooit, nooit Sy Bruid wees totdat sy deel van Hom word nie. En dis 'n deel van die Woord, vandag, wat sê Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

197 Die koringkorrel wat eens op die aarde gegroei het, en op die aarde geval het, het in die gelykenis van die koring opgestaan

wat in die grond gegaan het. En Here, op die Pinksterdag het daar 'n groot Kerk voortgekom. Daar het nog 'n koringkorrel gekom, om 'n Bruidegom en Bruid vir die laaste dag te maak.

198 Ons het gevind, dit het ingeval, vir Hom, vir 'n duisend jaar. Van die Nicea raad af, het dit in die grond verrot gelê.

199 Die kritici het die boek: *Die Swygende God* geskryf: "Wat klein kindertjies sou laat sterf, en deur leeus verskeur en verbrand word. En die swaardvegters het die Christene gemartel en hulle op brandstapels verbrand." As daardie man net die geestelike insig gehad het!

200 Daardie koring moet in die grond verrot, maar dit het weer voortgespruit, nie in die gelykenis waarin dit afgegaan het nie. Dit het in die gelykenis van 'n koringkorrel afgegaan, maar toe dit voortkom, het dit 'n paar blare gehad, soos die jong koring wat opkom.

201 Uiteindelik het dit van Luther tot Zwingli deurgegroei, en verder aan, en het uiteindelik tot 'n pluim gekom. Dit het homself in die dae van Wesley verander. Het 'n bietjie meer soos die koring gelyk, en meer daarna gelyk as wat die blare het. Dit kom weer na homself terug.

202 Dan vind ons uit, dit kom op, 'n koringkorrel, het byna soos die regte een gelyk. En as jy net sou afbuk en die doppie terugtrek, sal jy uitvind. Daardie eerste koringkorrel het glad geen koring in nie. Dis 'n doppie, 'n blaar. Here, die groot Pinksterherlewing wat voortgegaan het, dit moes so wees, Here, om die Koring te beskerm wanneer dit wel kom. Daar sou geen plek Daarvoor gewees het om te gaan nie.

203 Nou, Vader, ons weet dat ons alle dinge deur die natuur neem, want U het die natuur gevorm. U het die aarde verlos: deur die manier wat U dit gedoop het in die dae van Noag na sy prediking; U het die Bloed van die Seun op die aarde laat val om dit vir Uself te heilig; en in die groot eeu wat kom, in die restorasie, gaan U hierdie met vuur verbrand, om al die wêreldse dinge af te brand. Soos U met die Christen maak, U red hom: doop hom; heilig hom; restoreer dan die wêreld uit hom en eis hom dan as U eie deur die Heilige Gees in hom te plaas.

204 Ons weet dat hierdie koring deur dieselfde proses gekom het. Elke natuur werk dieselfde. Nou, Here, wanneer ons die doppie nou sien wegtrek van die Koringkorrel, wêrelds word, O God, skenk dat daardie koringkorrels sal. . . Die—die doppie moet wegtrek, sodat die koring in die Teenwoordigheid van die Seun kan kom. Ek hoor die stroper kom, Here. Dit sal nie lank wees nie. En dan sal die groot hyser Sy Bruid in die heerlikheid opneem, in die Teenwoordigheid van God.

205 Ek bid, Vader, dat U elkeen van ons sal seën. Laat ons onthou, Here, dat dit ons geleentheid is. Ons mag nie môre een hê nie. Vandag is ons geleentheid. "Vandag, na so 'n lang

tyd, wanneer julle Sy Stem hoor, verhard nie julle hart nie." Here God, ek ken nie hierdie mense nie. As daar enige hier is, buitekant dit, skenk vanaand dat hulle die volheid van God sal ontvang, en met die Heilige Gees vervul wees. Skenk dit, Vader.

206 Nou met ons hoofde gebuig, ons harte ook gebuig. Vriende, verskoon my manier om my boodskap saam te flans. Ek—ek bid dat God julle net sal wys wat ek bedoel het. Nou, as . . . Ek wil nie hê iemand moet kyk nie. Hou net jou hoof gebuig. Ek doen dit nie. Wie jy ook al is, as jy nie seker is dat jou lewe . . .

207 Nou, sien, elkeen van daardie prosesse, wat het hulle gedoen? Hulle het in 'n organisasie gegaan. Wat het Dit gedoen? Die Gees het na 'n ander gegaan. Sodra Luther georganiseer het, het Dit reguit in Wesley gegaan. Wesley het georganiseer; Dit het reguit in Pinkster gegaan. Pinkster het georganiseer; waarnatoe gaan Dit? Net soos die Vuurkolom, hou net aan om te beweeg.

208 En sommige mense sou sê: "Ek is Pinkster." Dis goed. "Ek is Luthers." Dis in die haak. Daar is niks daarteen nie.

209 Maar, vriend, vriend, die Koring beweeg nog steeds aan. Ons het een van die grootste herlewings gehad. Dit het—dit het langer geduur. Geskiedenis wys dat 'n herlewing net ongeveer drie jaar aanhou. Hierdie een was vyftien jaar, of meer, groot genesingsveldtogte, maar dit het nou afgekoel. Kyk! Elke herlewing bring altyd 'n organisasie daarna teweeg. Waarom het hierdie een nie? Daar is 'n klein groepie broers wat begin het, hier iewers, Spade Reën genoem, hulle het nêrens gekom nie, het reguit deurgeval. Waarom? Dis die Koringeeu, vriend. Dis die Koring. Daar is'n bediening op die aarde wat net soos die een is wat destyds in die begin in die grond geval het, 'n ware pinksterondervinding.

210 Die kerke raak georganiseerd. En een probeer om groter as die ander te bou, en kry meer lidmate en dinge, die organisasies, geleidelik. Ons sien dit. Ek is pinkster. Ons sien dit wegtrek. Maar wat? Dit moet dit doen, sodat die—die Seun tot die Koring kan kom. As dit nie daar was, eerste nie, as daar geen doppie daar om was nie, het dit geen plek gehad om na toe te gaan nie. God het dit 'n doppie gemaak, sien, soos die mielie, soos die koring, soos enigiets anders wat uit die baard kom. Nou, sien, daar het nie enige organisasie hierna ontstaan nie. Waarom? Daar is nie meer tyd vir een nie. Ons is aan die einde.

211 En as jy nie presies is waar jy behoort te wees nie, en jy sou sê: "Broer Branham, as God jou gebed vir die siekes sal hoor en ek het gehoor wat die Here gedoen het in antwoord op gebed." En jy het gehoor van ander mense in die wêreld vandag wat bid. Jy sê: "Ek . . . Sal jy vir my bid, dat ek daardie ondervinding sal ontvang, Broer Branham? Ek mag

jou nooit weer sien nie." Ek mag jou nooit sien nie. "Maar bid dat ek daar sal wees. Ek voel net nie nou dat ek daar sou wees nie. Maar ek sou graag dat jy vir my sal bid, dat ek sal wees."

212 Nou, elke hoof gebuig. Steek jou hand op, sal jy? Die Here seën jou, seën jou, en jou. God seën jou. In hierdie groep mense, skat ek was vyftig, dalk, of vyf-en-sewentig hande op.

213 Nou, Dierbare Jesus, U is die regter. Ons is net die predikers. Ek bid, Dierbare God. En—en as ek genade in U oë gevind het, antwoord my gebed. U het elke hand wat opgegaan het, gesien. U weet wat in hulle hart is. Ons glo dat hulle tot die Lewe bestem is. En Satan, net soos in die dae van Adam, hy probeer om daardie meesterstuk te weerhou om voort te kom. Mag dit vanaand stopgesit word. Mag die Bloed van Jesus Christus dit blokkeer, en mag hulle voortkom as 'n meesterstuk van God. Skenk dit, Vader.

214 Mag hulle in Christus se woord geïdentifiseer wees. Hy het gesê: "Tensy 'n mens wedergebore word. . . " mag hulle daardie wedergebore ondervinding ontvang. Mag hulle die doop van die Heilige Gees ontvang, die restorasie uit alle dinge van die wêreld af. Hulle wil dit nie langer hê nie, Here. Reinig daardie wêreld van hulle af, en stal hulle uit as 'n meesterstuk voor die mense. Skenk dit, Here, dat U mag gelukkig wees in hierdie tuintydseeu hier in die laaste dae, om U meesterstuk van hierdie manne en vroue, seuns en dogters aan te bied, wat hulle hande gehou het. Skenk dit, Here.

215 Seën hierdie herlewing wat in die stad aangaan. O God, ek bid dat elke man en vrou, wat naby hierrond is, daardie herlewing sal besoek. En mag elkeen van hulle met die Heilige Gees vervul word, en mag daar 'n outydse herlewing deur hierdie klein stadjie hier trek, totdat mense van oral sal kom. Skenk dit, Here. Gee ons hierdie dinge, Vader, want ons vra hulle in Jesus se Naam. Amen.

216 Ek het Hom lief. Ek het Hom lief. Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Weet julle, Paulus het gesê: "As ek sing, sing ek in die Gees." Ek wonder. Ek is ver van 'n sanger af. Maar, wonder net, saam, of ons nie daardie lied saam kon begin nie: *Ek Het Hom Lief*. Sal jy ons die noot gee, suster? "Omdat Hy my eerste liefgehad het." Het julle dit gehoor? Hoeveel ken dit? Laat ons sien, julle. . . Dis een van my ou liedjies. Ek hou daarvan om dit te sing. Goed.

217 Laat ons nou net ons hoofde buig en ons oë toemaak, en nou sing *Ek Het Hom Lief*.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

218 Laat ons dit neurie. [Broer Branham begin neurie: *Ek Het Hom Lief*—Red.] Eendag sal reënboë deur die lug trek. Daar sal 'n basuingeklank wees. Die dooies in Christus sal opstaan. O, hoe sal ons Dit dan wil hê!

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota.

219 Daar is waar Hy die Meesterstuk vir ons geword het. [Broer Branham begin neurie: *Ek Het Hom Lief*—Red.]

220 Onthou net, alle meesterstukke, voor hulle ooit in die heldesaal kan geplaas word, moet hulle dit eers deur hulle kritieksaal gaan. Die beoordelaars moet sien of hulle dit kan beoordeel. Maar wanneer dit die kritici kan deurstaan, dan word dit na die heldesaal geneem. God se Seun het deur die kritici van elke organisasie, denominasie gegaan, selfs tot Pilatus gesê het: "Ek vind geen fout in Hom nie." Judas het gesê: "Ek het onskuldige Bloed vergiet."

221 Toe het God Hom opgerig, en Hy hang in die groot heldesaal vandag, aan die regterhand van God, en maak voorspraak. Wil julle nie daar by Hom aansluit nie? Wil julle nie deel daarvan wees nie? Jy kan wees. Jy word uitgenooi om te wees. Terwyl ons hierdie lied sing, waarom bespreek jy dit nie net nou met Hom nie?

. . . eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

222 Terwyl ons dit weer sing, wil ek hê julle moet handskud met iemand oorkant jou nou aan tafel? Sê: "God seën jou, Christenvriend. God seën jou. Bid vir my." Doen elkeen van julle dit nou, soos ons dit weer sing.

Ek het lief . . .

Bid vir my. Bid vir my.

. . . Hom lief
Omdat Hy . . .

223 Dis reg, skud hande, sê: "Bid vir my." Bid almal van julle vir my. Ek wil so graag daar wees.

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

224 Nou laat ons ons hoofde buig en ons oë toemaak, en ons hande opsteek en dit nou vir Hom sing.

Ek . . . O God, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota.

Kyk na jou Meesterstuk wat daar hang.

225 Groot Beeldhouer, groot God Wat die mens gemaak het en hom in U eie gelykenis gevorm en gefatsoeneer het, ek bid U, Here, dat U ons vanaand sal neem. Mag dit 'n gedenkaand wees, waarlik gedenkwaardig vir ons wees, dat, vanaand Here, vanaand, net hier in die Stardust Motel, U manne mag vorm in die beeld van die seuns van God. Skenk dit, Here. Groot Beeldhouer, U is die enigste Een wat dit kan doen. Neem U Woord, Here, vorm Dit reguit binne-in almal van ons se harte, dat ons U meesterstukke in die laaste dae kan wees, en die Bruid van Christus genoem word. Ander mense mag sien dat daar so 'n werklikheid en so 'n vreugde daarin is om vir Hom te lewe.

226 Here, hierdie dag, dat selfs ons kerke, hulle verloor hulle opregtheid. Hulle doen nie. . . Daar blyk, dat alles na Hollywood gegaan het, Here, wat het gebeur? Hulle het agter 'n—'n skittering gegaan in plaas van 'n gloed. Ons weet dat die wêreld met wêreldsheid skitter. Maar die Evangelie gloei met liefde en met Christus. Skenk, Here, dat ons sal wegkom van die geskitter van die wêreld en in die gloed van Christus kom.

227 Hulle is Uwe, Here. U het hulle gekoop. U! Hulle het hulle hand opgesteek, vanaand, hulle wou wees. Nou, Vader, ek. . . As ek kon, sou ek hulle dit gemaak het, maar ek kan nie. Maar ek vertrou op U. U het gesê: "Die een wat na My toe kom, sal ek op geen manier uitwerp nie. Hy wat My Woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige Lewe en sal nie in die Oordeel kom nie," nie skyngeloof nou nie, Here, maar glo: "hy het van die dood tot Lewe oorgegaan." Skenk dit, Vader. Hulle is Uwe, deur Jesus Christus se Naam. Amen.

228 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is Hy nie wonderlik nie? ["Amen."]

229 Gee ons die klein wysietjie, of akkoord daar, suster: *Wonderbaar, Wonderbaar.*

Hou julle daarvan om te sing? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Neem ek te lank? [Die sakemansleiers sê: "Nee."—Red.]

230 Ek hou daarvan om te aanbid. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] 'n Klein skerp Boodskappie soos hierdie, ek wil nie. . . Weet julle, ek hou nie daarvan om te sny nie. Maar jy, jy moet 'n spyker op die kop slaan, en dit laat hou. Weet julle wat ek bedoel? Ja. Jy moet dit laat inslaan, nou. En sien?

231 Is julle lief vir daardie lied? "Wonderbaar, wonderbaar is Jesus vir my." Ken julle dit?

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Raadsman, Vredevors, Magtige God is Hy;
Red my, hou my van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

Eens was ek verlore, nou is ek gevind, vry van
veroordeling,
Jesus gee vryheid en 'n vol verlossing;
Red my, hou my van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

Almal!

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Raadsman, Vredevors, Magtige God is Hy;
Red my, hou my van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

232 Nou, laat ons sê: "Prys die Here!" [Gemeente sê: "Prys die Here!"—Red.] Prys die Here! Voel julle nie uitgeskuur nie? ["Amen."] Voel goed? Aanbid die Here. Hy is wonderlik.

233 God seën julle tot ek weer ontmoet. Ek sal die diens nou aan die broer, president oorgee.

*DIE GEÏDENTIFISEERDE MEESTERSTUK VAN GOD* AFR64-1205
(The Identified Masterpiece Of God)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Saterdagaand, 5 Desember 1964, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale banket by die Stardust Motel in Yuma, Arizona, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
P.O. BOX 178, SOMERSET WEST, 7129 CAPE PROVINCE,
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org